# DIE BEKAMPING VAN EN STRAFMAATREËLS TEEN VERKRAGTING EN GEWELDSMISDAAD IN SUID-AFRIKA - 'N KONTEMPORÊRE STUDIE

**Pieter Coetzer**[1]

*This article deals with the important issue of the combating of and punitive measures against rape and violent crimes in contemporary South Africa. Initially it focuses on aspects of the global position on violence against women and RSA statistics on this crime during the past five years. From 2002 to 2006 several actions were taken against rape and sexual violence against women and children by activists and organisations like the CSIR, the SA Police, Rapcan, campaigns in communities, the Activism for No Violence Against Women and Children Campaign, the SABC television service, etc. The trial of the former deputy president of South Africa, Jacob Zuma, on a charge of rape brought the larger issue of rape and violence against women to the fore. Light is shed on the importance of this trial for recent and future victims of rape and violence in South Africa. In conclusion the recent Amendment Bill on Sexual Offences which was introduced in May 2006 and will be passed later in 2006, and its implications, are discussed.*

---

*"Throughout history, it has been the inaction of those who could have acted; the indifference of those who should have known better; the silence of the voice of justice when it mattered most, that has made it possible for evil to triumph" (Haile Selassie)*

## 1. INLEIDING

Seksuele geweld en viktimisasie van vroue en kinders is geensins 'n probleem eie aan Suid-Afrika nie en kom wêreldwyd voor. Dit is egter die omvang en hantering van die probleem in die RSA wat dit buitengewoon maak. So onlangs as die vroeë 1990's is in 'n VN-verslag kommer uitgespreek oor seksuele misdaad en die uitbuiting van kinders in die wêreld, wat ontstellende afmetings aangeneem het. In Engeland en Wallis het verslae van fisiese mishandeling 'n toename van 70% gedurende 1979 tot 1984 getoon. In die VSA is meer is 2,2 miljoen gevalle van kindermishandeling in 1998 aangemeld.[2]

[1] Navorsingsgenoot, Departement Geskiedenis, UV.
[2] A Glenn Mower, jr, **The Convention of the Rights of the Child** (Greenwood Press, London, 1997), p. 41.

In 1993 is die Declaration on the Elimination of Violence against Women deur die Algemene Vergadering van die VN aanvaar. Daar is onder meer besluit dat geweld teenoor vroue 'n ontneming van fundamentele menseregte is. Dit het andermaal die fokus op die kwessie van geweld teenoor vroue in die internasionale gemeenskap geplaas. Daar is bevestig: "The Declaration takes a comprehensive view of violence that results in, or is likely to result in, physical, sexual or psychological harm or suffering by women including threats of such acts, coercion or arbitrary deprivation of liberty, whether occurring in public or in private life."[3]

Die VN het verder gegaan en in 1994 'n spesiale rapporteur vir geweld teen vroue aangestel, wat o m. die redes en die gevolge daarvan internasionaal moes ondersoek.[4]

In 1993/1994 het die Internasionale Kriminele Tribunaal vir die voormalige Joego-Slawië (ICTY) en vir Ruanda (ICTR) verkragting en seksuele geweld vir die eerste keer as 'n onafhanklike oortreding binne die statute erken. Vanweë 'n mylpaal-besluit deur die ICTR is bevestig dat verkragtings en seksuele geweld gelyke status met ander oortredings geniet.[5]

Onkunde oor verkragting as 'n misdaad is nie net tot Suid-Afrika beperk nie. Hierdie onkunde kom soms ook in ontwikkelde lande voor. In 'n onlangse Italiaanse hofsaak is 'n geval hanteer waar 'n groep jeugdiges 'n vrou in 'n straat in Rome aangeval en verkrag het. Hulle is op heter daad betrap. Toe een van hulle gearresteer is, wou hy verbaas weet of "hierdie tipe van ding" werklik 'n misdaad is![6]

Enige regering, ook in Suid-Afrika, het 'n verpligting teenoor sy mense, maar veral ook teenoor sy vroue en kinders. Wat vir die VN onlangs ontstellend was, was die feit dat begrotings vir opvoeding, regspraak, openbare gesondheid, sosiale welsyn en ander dienste in feitlik alle lande ter wêreld gedaal het.[7] Omdat die omvang van geweldsmisdade teen vroue en kinders in Suid-Afrika so buitengewoon hoog is, is dit uiteraard 'n saak wat in die land se begroting hoë prioriteit moet geniet.

Alvorens die kollig geplaas word op die moontlike bekamping van verkragting en geweldsmisdaad in Suid-Afrika, is dit nodig om kortliks stil te staan by die huidige posisie (Julie 2006) ten opsigte van hierdie tipe misdaad. Dis uiters kommer-

3 Wolfgang Benedek, Esther M Kisacbye en Gerd Oberleitner, **The human rights of women: International instruments and African experiences** (Zed Books, Londen, 2002), p. 13.
4 **Ibid**.
5 **Cape Times**, 29 November 2005.
6 Philip Alston, Stephen Parker en John Seymour, **Children, rights, and the law** (Oxford University Press, New York, 1995), p. 37.
7 **Ibid**.

wekkend dat 'n vrou of kind elke 26 sekondes in Suid-Afrika verkrag word. Meer nog: Sewe vrouens word daagliks vermoor en Suid-Afrika toring steeds uit as die land met die hoogste verkragtingskoers per capita ter wêreld. In die jaar 2000 is 52 860 verkragtings of pogings tot verkragting aangemeld. Indien hierdie koers sou voortduur, sal daar teen die jaar waarin Suid-Afrika die sokker-Wêreldbeker aanbied (2010)[8] 5 286 000 vroue- en kinderverkragtingslagoffers in die land wees. Binne die bestek van tien jaar sal daar, teen die huidige tempo van skuldigbevindings, slegs 7% van verkragters in die tronke wees. Ontstellend is die feit dat 25% van vrouens in Suid-Afrika tans mishandel word,[9] vandaar die besef dat verkragting en mishandeling van vroue die dringende aandag van die regering nodig het.

Volgens regeringstatistiek vir 2000 het slegs 8,9% van die gerapporteerde kinderverkragtings en 6,8% van aangemelde volwasse verkragtings tot skuldigbevindings gelei.[10] Onwillekeurig wonder 'n mens dus hoe hoog die persentasie verkragters is wat daarmee wegkom. Dit sou nie vergesog wees om te sê dat dit waarskynlik 90% of hoër is nie!

Ander ontstellende feite wat in 2005 na vore gekom het, is die volgende:

- 'n Kind word elke 80 minute misbruik.
- 'n Kind word elke 24 minute verkrag (meer as 60 kinderverkragtings daagliks).
- Een uit vier (25%) vrouens is in verhoudings waar hulle mishandel word.
- Elke ses dae word 'n vrou deur haar manlike eggenoot/maat vermoor.
- Kinders was die slagoffers in 40,8% van aangemelde verkragtingsake in 2004/05.
- Kinders was in 47,7% van die aangemelde gevalle slagoffers van onsedelike aanrandings en in 11,8% van gewone aanrandings.
- In 59% van gevalle was vrouens en kinders die slagoffers van alle kontakmisdade, 100% was verkragtingslagoffers, 86,3% was onsedelike aanrandingslagoffers. Vroue was ook betrokke by 64,4% van gewone aanrandings.
- Die onderrapportering van verkragting kan so hoog as 19 uit 20 gevalle wees, dus ongeveer 95%.
- In 2004/05 was daar 'n toename van 8% in onsedelike aanrandings, terwyl verkragtings landwyd met 4% gestyg het.

---

8 Daar is toenemende kommer oor die RSA se vermoë om die Sokker-Wêreldbeker in 2010 aan te bied, o.m. oor die land se hoë misdaadsyfer. **Rapport**, 2 Julie 2006.

9 **Leadership SA**, 31 Januarie 2005; **Sunday Tribune**, 11 Desember 2005.

10 **City Press**, 27 November 2005.

- Meer as drie kinders word daagliks vermoor.
- In 2002/03 is 15 144 kinders verkrag teenoor 22 486 in 2005, dus 'n toename van 48% in twee jaar![11]

## 2. OPTREDE TEEN VERKRAGTING EN SEKSUELE GEWELD

Teen die agtergrond van hierdie statisties-ontstellende syfers kan daar tereg gevra word wat gedoen kan word om verkragting en geweldsmisdaad in Suid-Afrika hok te slaan. Daar kan met kommer in die gemoed gevra word: Quo Vadis (Waarheen), Suid-Afrika? Die grootste probleem is waarskynlik daarin geleë dat die gemeenskap tans nog te verdraagsaam is teenoor diegene wat vrouens aanrand en kinders molesteer. Meer nog: daar is in 'n opname bevind dat 'n derde van vroue in die RSA nog glo dat "'n man nooit 'n vrou om geen rede sal slaan nie". Die reaksie van manlike respondente was ewe skokkend aangesien die helfte met hierdie stelling saamgestem het. Ook: 41% van vrouens in Suid-Afrika glo dat vrouens wat verkrag word nadat hulle alkohol gebruik het, die volle blaam hiervoor moet dra[12] ('n aspek wat later in die artikel verder belig word).

Heel onlangs het 'n akademikus en sielkundige van die Universiteit van Kaapstad, Sia Maw, nog gesê dat "of all the crimes perpetrated, rape was the most pathogenic. It seems to cause the most psychological distress of all crimes."[13] Dit verbaas daarom nie dat Jane Raphaely, medestigter van Associated Magazines, ontsteld is oor dié toedrag van sake en daarop wys dat verkragting die enigste gewelddadige misdaad is wat steeds in die RSA toeneem. Hieroor sê sy onder meer: "When you rape one person, be it a man, woman or child, you rape everyone around them." In 'n neutedop dus: "Rape breaks down the fabric of a family and society. Therefore, rape is not only a crime against humanity, but also a crime against the state because it yields destructive consequences of humiliation, shame, stigma, ostracism and social reaction for the victims. Compelled rape should carry the minimum sentence for rape, plus the extent of damage inflicted upon the witnesses and the victims."[14]

Die nuwe Wysigingswetgewing op Seksuele Oortredings is waarskynlik onder meer vertraag as gevolg van die uitbreiding van die definisie van verkragting ten einde voorsiening te maak vir sodomie, orale seks en penetrasie van voorwerpe (daar word later kortliks by die inhoud van hierdie wetgewing stilgestaan). Joan van Niekerk van Childline sê tereg: "Our rape stats with this strict definition is

11 **Daily News**, 25 November 2005; **Star**, 22 September 2005; **Cape Argus**, 12 Desember 2005; **Saturday Weekend Argus**, 11 Maart 2006.
12 **Daily Dispatch**, 29 November 2005. Navorsingstudie Oos-Kaap (Oos-Londen): Commission for Gender Equality.
13 **Daily Dispatch**, 19 Februarie 2006.
14 **Cape Argus**, 17 November 2005.

already sky high. Can you imagine how it would escalate if this kind of rape were added?" Sy het daaraan toegevoeg dat 'n provinsiale polisiekommissaris teenoor haar erken het dat hulle slegs 'n spesifieke aantal verkragtingsklagtes maandeliks aanvaar in 'n poging om statistieke te manipuleer![15] Indien dit waar sou wees, sal dit 'n baie ernstige aanklag teen die polisie wees.

Op die oog af lyk dit asof die plaaslike gemeenskappe en selfs provinsiale regerings sterker standpunt teen verkragting en sekondêre viktimisasie van vroue en kinders inneem as wat die geval by die sentrale regering is. Min. Charles Nqakula, minister van Veiligheid en Sekuriteit, se onlangse uitlating dat mense "walglik" is as hulle kla oor Suid-Afrika se ontstellende misdaadgeskiedenis en die land moet verlaat as hulle so voel, het 'n uiters negatiewe beeld van die ANC-regering en sy hantering van misdaad geskep. Die minister wou in die parlement weet waarom dit net blankes uit opposisiegeledere is wat oor misdaad kla, en nie die mense uit die "townships" nie. Hy beweer verder dat die mense in die "townships" sedert die apartheidsdae gewoond is aan geweld, daarom kla hulle nie. Hiermee sê Nqakula dat na meer as 'n dekade van demokrasie en ANC-bestuur die lewe vir "township"-inwoners nog maar dieselfde is as onder apartheid - en dit pla hom nie.[16] 'n Sterk veldtog is hierna in die pers en die opposisie geloods dat Nqakula onverwyld sy pos moet ontruim. Uiteraard is tot en met die skryf van hierdie artikel nog nie daaraan gehoor gegee nie en Nqakula is ook nie deur president Mbeki gerepudieer nie.

Die behoefte aan 'n oplossing vir die voortslepende vlaag van geweldsmisdaad manifesteer onder meer in anti-verkragtingsprotesoptogte en veldtogte teen geweld. Hierdie massa-optrede bring die probleem van verkragting en mishandeling van vroue onder die aandag van die publiek. Die Polisiediens en die Gemeenskaps-polisieforums doen beide mee aan protesoptogte en anti-verkragtingsprogramme. Hierdie programme is trouens onder meer geïnisieer deur die SA Polisiediens se Misdaadvoorkomings- en Kommunikasiediens en die Departement van Veiligheid en Skakeling. In die Noordkaap het hulle gefokus op die beskerming van kleuters, vrouens en bejaardes, asook die probleem van seksuele aanvalle op seuns en mans. In 'n opmars en petisie is die groter visuele sigbaarheid van polisie in die sogenaamde "hotspot" gebiede benadruk, terwyl gepleit is dat dranklisensies aan sjebeens en winkels ingekort moes word en strenger borgtogvoorwaardes ten opsigte van aangeklaagde verkragters geldig moes wees. Daar is ook gevra vir 'n beter verhouding tussen die polisie, die gemeenskap en sakelui.[17]

15 **Rapport**, 14 Augustus 2005.
16 **Beeld**, 5 Junie 2006. Hoofartikel.
17 **Diamond Fields Advertiser**, 16 Mei 2005.

In 2003 is aangekondig dat die regering 'n uitgebreide veldtog van stapel gaan stuur om geweldsmisdaad teen vroue en kinders, waaronder verkragting, te bekamp. Verskeie inisiatiewe is sedert November van stapel gestuur wat onder meer die volgende insluit:

- Die WNNR (Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad) het 'n projek begin wat aan bepaalde nie-regeringsorganisasies, polisie-eenhede en verkragtings-klinieke mobiele apparate soortgelyk aan selfone sou verskaf om bepaalde inligting oor verkragtings in te pons wanneer dit gerapporteer word. Dit sal strafplegingsamptenare help om vas te stel watter areas geteiken moet word vir bykomende inligting of vir klopjagte in die gevalle van verkragtings naby klubs, sjebeens of skole.
- 'n Verdere 20 seksuele oortredingsmisdaadhowe sou geskep word benewens die 50 verkragtingshowe wat sedert Augustus 1999 tot stand gekom het.
- Tien verdere Thuthuzela (Ons-gee-om) sentrums sou voor April 2005 geopen word. Hier sou die slagoffers van verkragtings mediese sorg, asook be-handeling teen HIV ontvang.
- 'n Kaapstadse komitee, Rapcan (Resources aimed at the Prevention of Child Abuse), wat rolspelers in verkragtingsbestuur (waaronder senior staatsadvo-kate, aanklaers, polisie en NGO's) ontmoet, was so suksesvol in die vervolging van verkragters, dat dit ook in Kwazulu-Natal, Kimberley en Umtata op die proef gestel word.
- Die Nasionale Vervolgingsgesag het in November 2003 'n verkragtingsoudit begin om alle gevalle van seksuele geweldsmisdade van die vorige twee jaar te ontleed. Hulle sal ook vasstel hoe lank dit neem om hierdie tipe misdaad na die howe te bring, wat die kwaliteit van die getuienis behels, die tipe vonnisse wat opgelê is en die voorkoms van verkragting in dié spesifieke area.
- In November 2003 het 19 forensiese verpleegsters met verkragting as spesiali-sasieveld in Gauteng begin werk. In Kwazulu-Natal was meer as 30 soort-gelyke verpleegsters reeds in die diens van die provinsie.[18]

In Kwazulu-Natal is daar reeds vroeër in 2006 'n sterk en vindingryke veldtog van stapel gestuur om die voorkoms van geweld teen vroue en kinders te bekamp. Na slegs ses maande het dit reeds begin vrugte afwerp. Hierdie veldtog, ook bekend as Hlonipha (Respek), het in April 2003 voor die Durbanse Stadsaal sy beslag gekry. Polisiewoordvoerders kon reeds getuig van 'n aansienlike afname in verkragtings en seksuele aanvalle in die provinsie. Daar is spoedig benadruk hoe belangrik dit is om

---

[18] **Sunday Independent**, 30 November 2003.

die jeug uit die strate te hou en hulle aktief besig te kry. Hulle moet veral ook by sportsoorte betrek word.[19]

Watter struikelblokke moet oorkom word in die bekamping van verkragting? Vrouens en kinders wat verkrag word se familie word dikwels met omkoopgeld of beeste oorreed om verkragtings nie by die polisie aan te meld nie. Behoeftige Suid-Afrikaanse gemeenskappe word op dié wyse oorreed om 'n skikking te aanvaar en te swyg oor verkragtings. Gevalle is bekend waar families wat omkoopgeld of geskenke geweier het, summier vermoor is om hul swye te verseker. Belangrike staatsgetuies het voor hul getuienis ook net eenvoudig verdwyn.[20]

Gemeenskappe is ook ontevrede oor die manier waarop die polisie verkragtings of geweldsmisdaad hanteer en die wyse waarop slagoffers blootgestel is aan die kriminele element. Verwoede gemeenskappe se geduld bereik van tyd tot tyd breekpunt. By Zebediela is 'n vermeende verkragter in 2005 gestenig en in Kwazulu-Natal het gemeenskappe gewaarsku dat hulle voortaan die reg in hul eie hande gaan neem.[21] Kriminele oortreders en verkragters is in hul huise besoek en gewaarsku dat hulle dié optrede nie langer sou duld nie en gesteelde goedere is uit hul huise verwyder. In die woorde van 'n gemeenskapsleier in Dambuza en Machibisa: "People are being stabbed, shot and robbed. We have nowhere else to go, we are forced to stay... . We have decided to fight this battle alone."[22]

Dwelms is dikwels die oorsaak van hierdie tipe misdaad en sommige polisielede bly in gebreke om hul werk behoorlik te doen. Om sake te vererger volg daar min arrestasies op polisie-ondersoeke. Soos dwelms speel alkohol dikwels ook 'n belangrike rol in verkragtings. Die voorbeeld van die polisie van Oos-Londen kan dalk gevolg word om tydens die feestyd en vakansies gereedheidspanne naby sjebeens te ontplooi. Daar is vasgestel dat die meeste kontakmisdade, wat verkragting, aanranding, gewapende roof en moord insluit, gewoonlik naby drankafsetgebiede plaasvind. Drank maak mense roekeloos en aggressief, vandaar die polisie se fokus op hierdie gebiede. Daar sal ook besin moet word oor die besigheidsure van sjebeens. Sommige is tot in die vroeë oggendure toeganklik, wat misdade soos aanrandings en verkragting bevorder.[23]

In die misdaadgeteisterde Transkei (Mthatha) het die verkragting van twee tienermeisies in 2003 tot verskerpte polisie-optrede binne die kader van Operasie Sethunya ('n misdaadbestrydingsoperasie) gelei. 'n Nuwe program om geweld teen

19 **Daily News**, 7 April 2003.
20 **City Press**, 20 Maart 2005.
21 **Beeld**, 24 Mei 2005.
22 **Natal Witness**, 17 Junie 2004.
23 **Daily Dispatch**, 15 November 2005.

vroue en kinders in die Transkei teen te werk, is in Junie 2004 geloods. Hierdie program word van stapel gestuur deur die Ikhwezi Women's Support Centre in Cathcart en word deur die Australiese Agency for International Development geborg. Dié sentrum het reeds in 1997 sy beslag gekry en strewe daarna om die gemeenskap bewus te maak van geslagsdiskriminasie, kindermishandeling en huishoudelike geweld. Ikhwezi help ook in die verskaffing van juridiese hulp aan slagoffers van geweld, wat insluit die slagoffers van huishoudelike geweld en verkragtingsoorlewendes. Ten spyte van hierdie doelgerigte optrede in die stryd teen verkragting en geweld is in 2005 berig dat dié tipe misdaad veral in die Mthatha-area ongekende afmetings aangeneem het. Die polisie het bekend gemaak dat 'n skenking van R250 miljoen deur die Europese Unie bewillig is om gedurende die volgende vyf jaar verkragting en geweldsmisdaad te help bekamp. Sekere polisiestasies in die Oos-Kaap is geprioritiseer weens die voortgesette gevalle van verkragting en huishoudelike geweld en slagoffersentrums (aparte kamers vir onderhoude met slagoffers) is by polisiestasies ingerig.[24]

In 1998 is die 16 dae-veldtog teen geweldsmisdaad en verkragting (Activism for No Violence Against Women and Children Campaign) in Suid-Afrika geïnisieer, pas na die totstandkoming van die Women's Global Leadership Institute. Teen 2005 het adjunkminister Cheryl Gillwald oor hierdie veldtog gesê: "It is an awareness campaign which seeks to reduce South Africa's sorry statistics, and change the ways of men who hurt the vulnerable."[25] In Februarie 2006 is die Real Men Don't Rape televisie-advertensieveldtog op M-Net en e.tv van stapel gestuur. Hierdie veldtog is georganiseer deur die Women Demand Dignity, die Trauma Centre en Rape Crisis om die kollig te plaas op verkragting en die tekortkomings in die Wysigingswetsontwerp op Seksuele Oortredings wat in die parlement ter tafel gelê is. Daar is gevoel dat net 'n gedeelte van die probleem van verkragting in dié wetgewing vervat word.[26] Dit is belangrik dat die televisie as medium gebruik is om verkragting te probeer bekamp. Ongelukkig is die radio nie ook as medium ingespan nie.

Tydens 'n protesoptog in die Oos-Kaap (Mthatha) ná die verkragting en moord van 'n 23-jarige vrou het 'n woordvoerder van dié groep gewaarsku: "We are tired of these killers. We want to oppose bail. If the police want to see them alive, then they should keep them in jail, because we will kill them."[27]

---

24 **Daily Dispatch**, 24 September 2003, 15 Junie 2004 en 23 Februarie 2005.
25 **Sunday Tribune**, 18 September 2005. Hoofartikel.
26 **City Press**, 27 November 2005; **Star**, 9 Februarie 2006; **Independent on Saturday**, 11 Februarie 2006.
27 **Daily Dispatch**, 17 Februarie 2006.

Dit verbaas geensins dat in 'n land soos Suid-Afrika, waar verkragting hoogty vier, gereeld artikels verskyn waarin indiwidue toegelig word hoe om hulself te beskerm teen verkragting (bv. by 'n nagklub, 'n openbare plek, 'n park, 'n sekuriteits-kompleks, pad, partytjie, ens.).[28] Die **EP Herald** dek die breër misdaadtoneel in SA en ook geweld teen die vroulike geslag as hy skryf: "People's homes have been invaded, the streets are unsafe after dark, the beachfront and parks are a happy hunting ground for thugs and the confines of motor cars offer little protection for the careless or unsuspecting."[29]

Die vraag waarmee 'n mens tans in Suid-Afrika worstel is: hoe kan diepgewortelde optrede by mense (mans sowel as vroue) verander word? Dis 'n vraag waaroor moraliste, geestelike denkers, sielkundiges, sosioloë en andere al vir baie eeue worstel. Miskien sou die eerste stap wees om die oorsprong van die probleem van gewelddadige optrede teenoor vrouens vas te stel en dan die probleem aan te spreek. Hoekom tree sommige mans so op? Sommige van die redes is klinklaar. Talle gemeenskappe in die wêreld is sterk patriargaal. Patriarge produseer mans wat aanspraak maak op superioriteit en eienaarskap.[30] Hulle het die behoefte om hulself te laat geld, en een van die maniere om dit te doen is om hul meerdere fisiese krag te gebruik.

Opvoeding sal vorentoe 'n belangrike rol speel in die bekamping van geweld-pleging teenoor vroue. Die apartheidstelsel het die idee gevestig dat geweld 'n lewenswyse is;[31] opvoeding is nodig om hierdie persepsie af te breek. Dan is daar ook die bygeloof dat seks met 'n jong maagd iemand van HIV/vigs kan genees. Ernstige pogings sal aangewend moet word om dit by hierdie gemeenskap tuis te bring dat dit bloot 'n mite is.

Wat kan gedoen word om kinderverkragtings te stuit? Een manier om te werk te gaan, is om anti-retrovirale middels meer geredelik beskikbaar te stel. In 2005 is beweer dat 'n toenemende getal kinders oor die tydperk 2000-2005 verkrag is - by

28 Dis nie altyd by hierdie plekke waar seksuele misdade gepleeg word nie. Dit gebeur dikwels by huise, skole, en selfs op SA se nasionale paaie. Mense is selfs by 'n N1-tolhek oorrompel en daar naby verkrag. Vgl. JM Potgieter, "Delictual liability of the state for sexual harassment in South African public schools" in **De Jure**, 38(1), 2005, pp. 1-15; **Beeld**, 1 April 2004; **Star**, 1 April 2004. Chantelle Cooper (Rape Crisis) beweer dat die meeste SA verkragtings in 'n bekende omgewing plaasvind deur mense wat aan die slagoffers bekend is. Vgl. **Rapport**, 14 Augustus 2005.

29 **Pretoria News**, 27 November 2003.

30 **Natal Witness**, 1 Desember 2005.

31 Helen Moffett brei hierop uit: "As an alternative to racially-inflected explanations contemporary sexual violence in South Africa is fuelled by justificatory narratives that are rooted in apartheid practices that legitimated violence by the dominant group against the disempowered, not only in overtly political arenas, but in social, informal and domestic spaces." Vgl. Helen Moffatt, "'These women, they force us to rape them'. Rape as narrative of social control in post-apartheid South Africa", **Journal of South African Studies**, 32(1), Maart 2006.

tussen 41% en 70% van verkragtingsake was kinders betrokke. Die vigs-epidemie speel hierin 'n groot rol, aldus dr. Banwari Meel van die Sinawe Sentrum naby Port St. Johns. Desperate vigslyers wend hulle tot kinderseks, en anti-retrovirale middels kan die slagoffers red.[32] Uiteraard sal 'n aggressiewe en effektiewe opvoedingsproses van stapel gestuur moet word om mense se denkwyse te verander.

Daar is ook ander persepsies wat verander moet word. Ondanks die hoë vlak van bewustheid van vroueregte en hul konstitusionele reg tot gelykheid, glo sommige mans en vroue steeds dat bepaalde omstandighede mag ontstaan waar vrouens verkragting uitlok. Sommige glo ook dat daar aanvaarbare omstandighede is wat die mishandeling van vrouens regverdig.[33] (Vroeër is reeds verwys na die houding van mans en vroue teenoor vrouens wat alkohol gebruik.)

Misdade soos verkragting en huishoudelike geweld, wat dikwels tot moord lei, is uiters emosionele misdade, veral by gemeenskappe wat ernstig daardeur geraak word. Dis veral tydens hofsittings wanneer versetoptrede en -aksies baie sterk na vore kom en emosiebelaaide skares dikwels pleit "stop the abuse", "castrate all rapists" and "no bail to offenders".[34] Die gemeenskap se gevoelens is uiteraard nie deurslaggewend nie; dis die staat wat, dikwels buite die emosie en die rasionaal van sy mense, besluite neem. Meer nog: dis die regering van die dag wat besluit of hulle drasties en met daadwerklike en onverbiddelike optrede geweldsmisdade gaan bestry. Daar kan tereg gevra word in hoe 'n mate die huidige ANC-regering hom steur aan versetbewegings, protesoptogte, koerantkommentaar, opposisiekritiek en briewekolomme in die pers in hul besluit oor strafmaatreëls en wetgewing teen verkragting en geweld. Miskien vergestalt die brief van mev. Adèle Steyn, die weduwee van 'n oud-hoofregter van SA, die gevoelens van die mense van die land die beste as sy na die onlangse verkragting van 'n ou dame skryf : "Verkragters van vroue, kinders en babas is nie mense nie. Hulle is onmense, duiwels en verdien geen genade nie. My pleit is dus -- dat hulle onskadelik gestel word deur hulle summier na die verhoor te ontman - nie net kastreer nie - dit neem nie die dierlike drange weg nie."[35]

Dit bring aktuele kwessies soos kastrering en die doodstraf na vore. In radikale Midde-Oosterse lande sou daar nie 'n oomblik geweifel word om geweld met geweld te vergeld in die bekamping van geweldsmisdade en verkragtings nie. Daar is geen twyfel nie dat groter druk op geweldsmisdadigers geplaas moet word om hulle te forseer om anders op te tree of die hoogste prys te betaal. Die probleem is

32 **Financial Mail**, 17 Junie 2005.
33 **Citizen**, 3 November 2005. Verslag van die Commission on Gender Equality (GCE).
34 **Natal Witness**, 24 Februarie 2004.
35 **Volksblad**, 16 September 2003. Briewekolom.

dat die media, en veral die televisie en radio, nie tot alle mense se beskikking is nie. Tog kan daar aanvaar word dat baie mense hieroor beskik en behoort 'n baie kragtiger radio- en televisieveldtog teen geweldsmisdaad geloods te word.

Jan en alleman voel al meer dat die doodstraf gepas vir verkragters is. Zingisa Mkhuma skryf in die **Saturday Star** dat tronke dikwels 'n plek is waar verkragters hul psigopatiese neigings vervolmaak. Sy glo dat daar aanvaar moet word dat sommige mense nooit deel van die menseras sal word nie, wat 'n mens ookal probeer. En: "If you have deliberately taken a life of another person or raped a child, then you are not fit to live." Mense wat deel was van die sogenaamde "struggle" verdoem doodstraf vanweë die feit dat die apartheidsregering dit misbuik het om die massas te onderdruk en onrus te beheer. Dit is egter ongetwyfeld so dat daar bepaalde mense in die huidige Suid-Afrika is wat, soos Daisy de Melker, die doodstraf verdien. Dieselfde geld ook vir mense wat in die nuwe Suid-Afrika vrouens en babas verkrag en vermoor; hulle is geen vryheidsvegters vir 'n bepaalde ideaal nie en is bloot gewetenlose misdadigers wat as sodanig hanteer moet word.[36] In boendoehowe en in die gemeenskap as geheel is mense al so siek en sat vir dié tipe misdaad dat oortreders summier die hoogste straf opgelê sal word indien hulle hul sin sou kry.

In briewekolomme in die pers gaan deesdae toenemend stemme op vir die herinstelling van die doodstraf vir buitengewone of ekstreme geweld, soos vir verkragting of moord. Die regse Afrikaanse koerant, **Afrikaner**, pleit ook via mnr. Willie Marais, HNP-leier, dat verkragters gekastreer moet word. In Florida (VSA) word oorweging geskenk om in die geval van persone wat 'n tweede keer oortree chemiese kastrasie toe te dien. In 'n webwerf waar menings ingewin word oor chemiese kastrasie in Suid-Afrika het 55% positief en 15% negatief hieroor reageer. In 'n opname van "Doctor NDTV" het 72% mense hul ten gunste van kastrasie en 28% daarteen uitgespreek. In Denemarke het navorsing getoon dat vrywillige chemiese kastrasie herhaalde verkragtings van 50% tot 10% afgedwing het. Soos wat die doodstraf die enigste sinvolle wetgewing kan wees om die skreiende golf moorde in die land stop te sit, moet kastrasie gewettig word om vroue teen hierdie afskuwelike daad te beskerm.[37]

Swaziland het pas ook wetgewing ingestel om die doodstraf vir seksuele oortreders op te lê (die nuwe Sex Offences and Domestic Violence Bill). Dit versinnebeeld hierdie buurland se afkeur van die stygende gevalle van verkragting, prostitusie,

36 **Saturday Star**, 18 Maart 2006. Vgl. ook Jolandi le Roux en Bernard Bekink, "The abrogation of the death penalty in South Africa: Participating in the ongoing debate" in **Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg**, 69(2), Mei 2006, pp. 201-14.

37 **Afrikaner**, 2 Februarie 2006.

bloedskande en MIV-oordrag. Dit sluit onder meer mediese en psigologiese hulp aan geweldslagoffers in. Veral die stygende misdaadstatistieke en die groei van vigs onder hul mense het die doodstraf baie gewild by die Swazi's gemaak. In hierdie nuwe wetgewing kan die doodstraf ook opgelê word vir persone wat MIV-positief is terwyl hul bedmaats onkundig is daaroor. Dieselfde lot sal vaders of voogde van kinders te beurt val wat hul dogters verkrag en hul met MIV infekteer. In hierdie wetgewing word, weens die vigsprobleem, kulturele familiepraktyke soos gedwonge huwelike ook verbied indien 'n vrou nie daaraan wil meedoen nie.[38]

Wat ongetwyfeld sal moet gebeur, is dat die polisie so opgevoed moet word dat hulle die absolute vertroue van die gemeenskap geniet. 'n Stadium is bereik dat Suid-Afrika, in die woorde van die media, moet oorgaan tot 'n beleid van "policing the police". Onlangs was daar nog 'n geval van 'n vrou wat weens 'n oortreding vir twee jaar in die polisieselle aangehou is en periodiek deur polisiemanne verkrag is. Net in KwaZulu-Natal was daar binne die bestek van sewe maande in 2002 78 ernstige gevalle van polisie-mishandeling. Meer nog: 3 000 polisie-amptenare is in 2003/04 van oortredings aangekla en skuldig bevind.[39] Die breër stryd teen misdaad het geen kans op sukses as die bewakers van wet en orde geen vertroue geniet nie. Watter vrymoedigheid het vrouens en kinders wat misbruik is om hulle tot die polisie vir hulp te wend? Hierdie persepsie van wantroue in die SA Polisiediens sal vinnig en onverbiddelik deur die ANC-regering reggestel moet word.

Een van die belangrikste maatreëls om hierdie tipe misdaad te bekamp, is om die polisie sodanig te transformeer dat hulle nie net die mense se vertroue verdien nie, maar ook 'n beleidstransformasie ten opsigte van die hantering van geweldslagoffers ondergaan. Adjunkminister Nosizwe Madlala-Routledge maak daarop aanspraak dat hulle reeds geruime tyd met laasgenoemde besig is. Klem word geplaas op toeganklikheid en versorging van slagoffers van geslagsgeweld, terwyl die regering 'n beleid van die behandeling van verkragtingslagoffers vir MIV/vigs aanvaar het.[40] Die probleem is egter nie net 'n gebrek aan vertroue in die polisie nie, maar ook in die regstelsel wat vroue en kinders nie behoorlik beskerm nie. Ligte strawwe wat aan verkragters opgelê word, stuur die boodskap uit dat dié misdaad nie ernstig opgeneem word nie en dat verkragters dikwels skotvry kom.

Suid-Afrikaners besef maar te goed dat die kriminele strafstelsel wreed kan wees teenoor die slagoffers van misdaad - die mense wat inderdaad juis beskerm moet word. In 2004 is mense geskud deur die nuus dat 'n polisie-offisier van Gauteng 'n

---

38 **City Press**, 4 Desember 2005. James Hall, "Swaziland imposes the death penalty for sexual offenders."

39 **Cape Times**, 28 Oktober 2005; **Sunday Times**, 12 Maart 2006. Fred Khumalo, "Violent crime continues as police blunder and fiddle."

40 **Star**, 25 November 2006. Vgl. ook **Daily Dispatch**, 24 Maart 2005.

moeder van 'n verkragtingslagoffer (nege jaar oud) aangesê het om self die verkragter op te spoor. Weens een of ander onbekende rede lyk dit asof die polisie die verkragting van 'n kind as bloot nog 'n saak vir hulle stofbelaaide lêers hanteer. Daar blyk geen dringendheid in die afhandeling daarvan te wees nie. Selfs vier maande later is geen vinger verroer om bogenoemde saak op te los nie. Die regering is hieroor skerp veroordeel, veral nadat 'n ernstige beroep van owerheidsweë op verkragtingslagoffers gedoen is om na vore te kom en hulp by die polisie te soek.[41]

Indien verby hierdie gevalle van polisielaksheid gekyk word en op positiewe polisiereaksie gefokus word, kan 'n bres in die oplossing en aanmelding van verkragtingsake geslaan word. In die woorde van die **Natal Witness**: "If reporting rape becomes the rule rather than the exception, it surely have the effect of making would-be rapists more cautious and less inclined to take the risk. It would reduce the incidence of rape over time, it cannot eliminate the problem. That will only be approached when men understand that women and children are not their property, to do with as they please, and that the opposite sex does not exist simply as a convenient means of venting male feelings of impotence, inadequacy and hopelessness. For this to come about men need to be educated - educated to know that only weaklings victimize the weak, and that rape is a crime which does not empower the rapist but debases him as much as it does the victim."[42]

## 3. DIE ZUMA-VERHOOR

Waar staan Suid-Afrika in 2006? Met die verhoor van die voormalige adjunk-president van die land en ook van die ANC, Jacob Zuma, het verkragting van vroue 'n nuwe betekenis gekry. Onder normale omstandighede is die aanmelding van verkragting traumaties en vernederend. Wat positief is, is dat hierdie verhoor die boodskap uitgestuur het dat Suid-Afrikaners nie die misbruik van vrouens en kinders sal toelaat nie.[43] Wat egter tydens die verhoor opgeval het en waaroor die regstelsel aangeval is, is dat 'n aangeklaagde toegelaat is om op 'n bank by sy regsverteenwoordiger te sit, eerder as om in die beskuldigdebank plaas te neem. Verskeie ander aspekte oor die trauma van 'n verkragtingsverhoor sou ook tydens die hofsaak na vore kom.

Gedurende die Zuma-verhoor is 'n vrou wat vir die klaagster (Khwezi) aangesien is buite die hof met klippe bestook en Zuma as 'n held voorgehou. Geen wonder dat Carrie Shelver van People Opposed to Women Abuse (POWA) tot die

41 **Cape Argus**, 19 Desember 2004.
42 **Natal Witness**, 28 Januarie 2004.
43 **Star**, 9 Desember 2005 en 3 Januarie 2006.

gevolgtrekking kom dat 'n verkragtingsklag teen 'n openbare figuur dit vir 'n klaagster uiters moeilik maak. Meer nog: "There is a contradictory message here, because women are always told to break the silence, and yet they see that when they do speak out, they rapidly become the accused. They are vilified, their character comes under attack and there may well be women who will look at that, weigh up what's going to be best for them in the long run and decide it might be better for them to keep quiet."[44] Vrouens se seksuele geskiedenis word oopgevlek, terwyl dié van die verkragter nooit eens opgehaal word nie. Die verkragtingslagoffer word verantwoordelik gehou vir die optrede van die verkragter. Hierdie saak het andermaal die feit uitgelig dat daar nog 'n lang pad geloop moet word om die gemeenskap se persepsies oor verkragting te verander.

Die verloop van die Zuma-verhoor, asook die statistiek dat slegs 7% van verkragtingsake suksesvol in die howe vervolg word, toon duidelik waarom so baie vroue liefs swyg oor seksuele geweld. Die Zuma-saak spreek inderdaad tot elke slagoffer van verkragting. Die toneel in die Johannesburgse Hooggeregshof vertel 'n verhaal van onreg - 'n klaagster wat met 'n bedekte hoofkleed inderhaas die hofsaal ingeneem word; 'n aangeklaagde wat na die dag se verrigtinge met swier uit die hofsaal stap te midde van 'n dansende skare wat hom luidkeels *Awulethe Mshini Wam* (Ek bring my masjiengeweer) [45] toesing. Meer nog: die klaagster is by die hof verwelkom met "burn the bitch"[46] terwyl die polisie magteloos toekyk. Watter boodskap dra dit aan vroue en kinders uit wat vorentoe as verkragtingslagoffers moet besluit of hulle hul na die hof moet wend?

Te midde van hierdie hoftonele tree die ANC-Jeugliga tot die stryd toe en verwys na die klaagster in die Zuma-saak as "Lucifer". Hulle is later hieroor deur die ANC oor die vingers getik. Om alles te kroon het die Jeugliga boonop te kenne gegee dat hulle die klaagster gaan "ondersoek".[47] 'n Mens vra jouself af watter tipe leiers hierdie jeuggroep in die toekomstige Suid-Afrika gaan wees te oordeel aan hul demonstrasie van politieke onvolwassenheid.

Vir talle was die optrede van mense buite die hof simbolies van baie Suid-Afrikaners se houding teenoor verkragting. Die verloop van die Zuma-verhoor het ongetwyfeld baie vrouens wat verkrag is, opnuut getraumatiseer. Aktiviste glo nou reeds dat minder verkragtings in 2007 aangemeld sal word, nie omdat daar minder verkragtings sal wees nie, maar omdat mense na die verloop van hierdie saak bang sal wees om hulle na howe te wend. Die onskuldigbevinding van Zuma het die

44 **Sunday Tribune**, 19 Februarie 2006; **Star**, 21 Februarie 2005. Carrie Shelver, "Change perceptions about rape."
45 'n Simbool van manlike viriliteit en mag.
46 **Star**, 13 Maart 2006 en 10 Mei 2006; **Daily Dispatch**, 17 Maart 2006. Hoofartikel.
47 **Citizen**, 16 Mei 2006; **Pretoria News**, 15 Mei 2006.

Suid-Afrikaanse regspleging weer na die donker eeue teruggevoer. In die woorde van Charlene Smith: "Never have I seen a rape trial where so many have bent over backwards to accommodate the accused, especially one where the complainant is in a witness protection programme."[48]

Daar was hewige reaksie na die vryspraak van Zuma, veral by vrouens. Een vrou wou weet: "What do we celebrate on the 10th anniversary of the Constitution? What do we mark on the 9th of August?" (SA National Women's Day). 'n Ander wou weet: "How do I, in good conscience, advise another woman to lay charges when she is raped or sexually harassed, after Makhaya Ntini, Benedict Vilakazi and Jacob Zuma?"[49]

Zuma, 'n voormalige hoof van die Moral Regeneration Campaign en die SA National Aids Council, se naïewe en onverskillige reaksie op die gevaar van MIV/vigs, as sou dit genoeg wees om te stort as jy met 'n MIV-seksgenoot intiem was,[50] het uiters negatief gereflekteer. Daar kan ook bespiegel word in hoe 'n mate dit Zuma se kanse om president van die land te word, beïnvloed het.

As uitvloeisel van die Zuma-verhoor is die ANC se verkragting en viktimisasie van vrouens in hul kampe tydens die vryheidstryd en die party se verbanning sterk uitgelig. Daar is talle sodanige gevalle waaroor vroue liefs swyg as om hulle aan viktimisasie en vernedering bloot te stel. In die woorde van 'n Engelstalige Sondagkoerant: "The absence of frankness about widespread sexual violence that took place in the liberation movements makes it difficult for victims to come to terms with their cruel past ... South Africa's quest to achieve emancipation of women and reconciliation will never be complete until we lift the veil of silence hanging over the suffering of women in exile."[51]

Me. Sipho Mthati van die Treatment Action Campaign het in reaksie op mnr. Zuma se vryspraak gesê dat dit net help om verkragting as 'n misdaad en mense met MIV/vigs se status verder te stigmatiseer. Sy bestempel die hof se bevinding as "uiters tragies". Me. Mary Caesar van die Women's Legal Centre het op haar beurt gesê sy hoop die voorgestelde verandering aan die Wysigingswetsontwerp op Seksuele Oortredings sal ook na die verskeie vraagstukke kyk wat in die Zuma-verhoor na vore gekom het, insluitend die definisies van toestemming tot seks en

48 **Financial Mail**, 24 Maart 2006. Brief van C Smith.

49 **Weekly Mail and Guardian**, 18 Mei 2006. Pumla Dinco Gqola, "Bleeding on the streets of South Africa." Die krieketspeler Ntini en die sokkerspeler Vilikazi is, soos Zuma, van verkragting aangekla en vrygespreek.

50 **Rapport**, 14 Mei 2006. Hoofartikel; **Sunday Times**, 19 en 20 Maart 2006; **Citizen**, 4 Mei 2006; **Cape Argus**, 15 Maart 2006; **City Press**, 11 Desember 2005.

51 **Sunday Times**, 26 Maart 2006. Hoofartikel.

verkragting.[52] Wat die afloop van die verhoor beslis by Suid-Afrikaners tuisgebring het, is 'n begrip van hoe mense in magsposisies onaantasbaar kan word vanweë vrouens se vrees om met verkragtingsklagtes teen hulle na vore te kom. Die een werklike oorwinning waarna vrouens kan uitsien, as 'n direkte uitvloeisel van die Zuma-verhoor, is die deurvoer van die langverwagte Wysigingswetsontwerp op Seksuele Oortredings.

## 4. WETGEWING NA AGT JAAR (2006)

Christopher Gane sê in 1992 reeds tereg "the purpose of the law of rape is to protect the physical and moral integrity of the victim, including her right to sexual privacy".[53] Tot en met 2006 is die seksuele integriteit van mans nie ten volle erken of deur wetgewing beskerm nie. Daar is besef dat Suid-Afrika ook seksueel-neutrale statutêre verkragtingswette nodig het. 'n Regeringskommissie het dit reeds in 1997 vir die RSA bepleit.[54] Gane se beskrywing van die doelstelling van wetgewing ten opsigte van verkragting in sy huidige konteks moet dus ook voorsiening maak vir manlike verkragting.

In 'n studieprojek in 2005 is bevind dat vroue en homoseksuele mans teen dieselfde tempo verkrag en seksueel misbruik word. Helen Wells, 'n navorser by Tswana NGO, beweer dat in die SA gemeenskap waar armoede en werkloosheid hoogty vier, verkragting 'n wyse is om manlikheid te bevestig. Om gay te wees word deur baie gemeenskappe as nie-Afrikaan (un-African) beskou. Veral by skole kom viktimisasie teenoor gays wydverspreid voor. Die omvang hiervan is moeilik om vas te stel omdat gay mense as sagte teikens beskou word en mans, soos vroue, min vertroue in die polisie het en min bereid is om klagtes aanhangig te maak.[55] Vroeg in 2006 is berig dat die getal onsedelike aanvalle op mans en seuns tot 10 253 in 2005 gestyg het, teenoor slegs 7 268 in 2002.[56]

Dit is dalk gepas dat, twee jaar sedert die viering van die Jaar van die Gesin, gepaste wetgewing oor verkragting en seksuele misbruik van vroue/mans sy beslag sal kry.[57] Teen November 2005 was dit reeds duidelik dat die nuwe wetgewing oor seksuele misdade teen 2006 gereed sou wees en die "verouderde" wetgewing

52 **Business Day**, 8 Mei 2006.
53 Christopher HW Gane, **Sexual offences** (Butterworth and Co, 1992), p. 21.
54 SP van Zyl, "Manlike verkragting: Waarom steeds 'n juridiese onmoontlikheid in die Suid-Afrikaanse reg?", **De Jure**, 38(1), 2005, pp. 116 en 126. Vgl. ook Rushiella Songea en Jolandi le Roux, "Interviewing sexually abused children", **De Jure**, 38(2), 2005, pp. 319-31.
55 **Daily News**, 21 September 2005.
56 **Cape Times**, 9 Februarie 2006.
57 Vgl. B en M Bekink, "Aspects of rape, statutory rape and the **Choice on the Termination of Pregnancy Act 92 of 1996**: Do we protect our minor women?", **Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg**, 69(1), Februarie 2006, pp. 14-28.

sodoende reggestel sou word. Die Wysigingswetsontwerp op Seksuele Oortredings was sedert 1996 in wording en is in 2002 reeds voor die parlement gelê. Aktiviste van Rape Crisis was teen 2005 baie ongelukkig oor die lae prioriteit wat hierdie wetgewing by die regering geniet het, en het gehoop dat die nuwe wetgewing die volle omvang van seksuele oortredings sou dek en spoedig deurgevoer sou word.[58]

Wat was belangrike behoeftes binne die konteks van hierdie wetgewing? Dit is ontstellend dat baie vroue tans onbewus is daarvan dat gedwonge seks met hul maats steeds strafbaar is in terme van die Voorkoming van Familiegeweldwetgewing van 1993. Terselfdertyd is daar mans wat glo dat hulle enige tyd met hulle maats seks kan hê as hulle so voel.[59] MIV-wetgewing om verkragte vrouens binne die venstertydperk van 72 uur te beskerm deur die teen-MIV-pil te drink, moet deel van die regeringsmaatreëls wees.[60] Daar moet ook voorsiening gemaak word vir in cameragetuienis van verkragte vroue, indien hulle dit sou verkies. Die klaagster/klaer se reg tot menswaardigheid, privaatheid en gelykheid moet beskerm word, aangesien die beskuldigde se regte wel beskerm word.

Verder: die oogmerk van die nuwe wetgewing is "to afford complainants of sexual offences the maximum and least traumatising protection that the law can provide".[61] Ook moet die definisie van verkragting verder uitgebrei word, oortreders gerehabiliteer word en slagoffers terapeutiese behandeling ontvang. Stemme het ook begin opgaan dat aanvalle op kinders in 'n baie ernstige lig beskou moet word.[62] Daar is met afwagting na hierdie wetgewing uitgesien en daar is gehoop dat al die bogenoemde aspekte daarin vervat sou wees.

In Mei 2006 het die inhoud van die beoogde Wysigingswetsontwerp op Seksuele Oortredings bekend geword. Dit sou teen die einde van 2006 van krag word. In 'n neutedop is op die volgende besluit:

- 'n Nasionale Register van seksuele oortreders sal opgestel word. Daar sal gepoog word om diegene wat misdade teenoor kinders gepleeg het, voortaan van kinders weg te hou.
- Verkragtingslagoffers het die reg om binne bestek van 72 uur gratis toetse vir en behandeling teen MIV/vigs te ontvang.

58 **Cape Argus**, 17 November 2005.
59 **Star**, 14 Desember 2005. Hoofartikel.
60 **Beeld**, 30 November 2005.
61 **The Herald**, 5 Januarie 2006.
62 **Saturday Weekend Argus**, 8 April 2006. Germaine Greer, "Time to scrap the crime of rape?"

- Die oortreder kan verplig word om vir MIV getoets te word.
- Die gemeenregtelike oortreding bekend as verkragting word vervang met die nuwe statutêre begrip van verkragting. Dit is geslagsneutraal en sluit alle vorme van seksuele penetrasie in. Verkragting van mans word dus ook 'n misdaad.
- 'n Derde persoon wat 'n seksdaad sonder toestemming aanhits, is ook skuldig aan 'n klag van gedwonge verkragting.
- Dit herroep die gemeenregtelike begrip van onsedelike aanranding en vervang dit met 'n nuwe statutêre misdaad van seksuele aanranding, toepaslik op alle vorme van seksuele oortredings sonder toestemming.
- Toestemming tot 'n seksuele daad vir dogters en vir seuns is vasgestel op 16 jaar.
- Dit maak voorsiening vir nuwe seksuele oortredings (ook die blootstelling aan pornografie) teenoor kinders en verstandelik gestremdes.
- Die weg word gebaan vir nuwe statutêre oortredings deur sekere gedwonge seksuele dade te kriminaliseer, asook die blootstelling van kinders aan seksuele dade, pornografie en sekere gedeeltes van die menslike anatomie.
- Dit herroep die gemeenregtelike oortredings van bloedskande, bestialiteit en 'n seksuele daad met 'n lyk en omlyn nuwe statutêre oortredings.
- Die wetgewing maak voorsiening vir wetstoepassingsagentskappe met nuwe navorsingsinstrumente by die ondersoek van seksuele oortredings of ander oortredings wat die MIV-status van die oortreder in gedrang bring.
- Dit verskaf aan die land se howe ekstra-territoriale jurisdiksie by die aanhoor van sake oor seksuele oortredings.
- Die Minister van Justisie kan, na konsultasie met ander kabinetsministers en die direkteur van openbare vervolging (geen burgerlike verenigings/aktiviste-groepe nie), 'n nasionale beleidsraamwerk formuleer vir 'n eenvormige en ge-koördineerde benadering by alle regeringsdepartemente en instansies in die hantering van seksuele oortredings.[63]

Uiteraard was hierdie wetgewing van kardinale belang in die bekamping van seksuele misdade. Tog het aktiviste wat hulle vir die wetgewing beywer het geen doekies omgedraai dat die formulering daarvan nog talle tekortkominge het en dat dit inderdaad 'n geval van "a golden opportunity lost" was nie. Die belangrikste sake wat nie aangespreek is nie, was die volgende:

---

63 **Star**, 4 en 5 Mei 2006; **Sunday Independent**, 9 Mei 2006; **Cape Times**, 9 Mei 2006; **Citizen**, 5 Mei 2006; **Burger**, 6 Mei 2006.

- Die regulasies ten opsigte van die getuienis en prosedures in howe bevredig nie.
- In die woorde van Samantha Waterhouse van Rapcan: "I am horrified to see that only survivors who report a rape to police will have access to HIV post-exposure prophylaxis. This means the majority of people who need it will not have access to it."
- Verdere gebreke sluit in die onvermoë van die wetgewing om aan kinders die outomatiese reg te verleen om gebruik te maak van die intermediêre stelsel. Die CCTV-stelsel waar kinders buite howe in camera kon getuig, is nie vir die gebruik van volwassenes nie en die howe verkies om die slagoffer voor hulle te hê. Dit gee aanleiding tot sekondêre viktimisasie en lei tot groter trauma by die klaagster.
- Dit verbaas nie dat aktiviste/burgerlike organisasies ongelukkig is oor die feit dat hulle uitgesluit is van die ontwikkeling van 'n nasionale beleidsraamwerk nie.
- Die voorkoming van swangerskap, ander seksueel oordraagbare infeksies en psigologiese nood is nie in die wetgewing vervat nie.
- Daar word nie voorsiening gemaak vir die behandeling van of toesig oor seksuele oortreders nie.
- Die aanbeveling dat slagoffers van seksuele oortredings nie aan kruisverhoor deur die verdediging onderwerp kan word nie, is verwyder.
- Die Seksoortredingsregister as sodanig is problematies. Internasionale navorsing in die doeltreffendheid van hierdie registers en openbare bekendmaking van oortreders dui daarop dat dit onsuksesvol is en geensins bygedra het tot die beskerming van kinders nie.[64]

Ten spyte van die tekortkomings van die Wysigingswetsontwerp op Seksuele Oortredings is verskeie belangrike en noodsaaklike aspekte van verkragting en seksuele misdaad aangespreek. Sterker optrede en swaarder strawwe vir seksuele oortreders is egter nodig om die probleem van verkragting en geweldsmisdaad te bekamp. Die belangrike vraag bly hoe Suid-Afrika seksuele geweldsmisdaad gaan hokslaan. Die strukture daarvoor moet in plek geplaas word. Die polisie, maatskaplike werkers en terapeute moet doeltreffend gebruik word, meer terapeute is nodig, vinnige behandeling van slagoffers moet die reël word en veral die gemeenskap moet doelgerig ingespan word om te help om mans se denkwyse te verander. Suid-Afrikaners lewe in 'n klimaat van wetteloosheid en baie glo dat dit vergelykbaar is met 'n land wat in 'n staat van oorlog verkeer. Hierdie wetteloosheid is 'n gunstige teelaarde vir seksuele geweld. Dit berus in 'n groot mate by die regering van die dag om bandeloosheid aan te spreek en nuwe hoop vir Suid-Afrika te bring. Kortom:

64 **Sunday Independent**, 7 Mei 2006; **Cape Times**, 9 Mei 2006.

seksuele misdaad en ander misdaad neem toe omdat die bewindhebbers in gebreke bly om mense teen die kwaad te beskerm en diegene te straf wat verantwoordelik is vir die kwaad. Die Joodse Talmud sê tereg: "Whoever destroys a single life, destroys the entire world; whoever saves a single life, saves the world."[65]

Dit dien geen doel om 'n grondwet te hê wat op vryheid vir almal aanspraak maak, maar steeds nie daarin slaag om daaraan te kan voldoen nie. Vir die SA nasie is dit belangrik dat die land oor wetgewing vir seksuele misdrywe beskik. Dis egter nie genoeg nie. Die RSA het 'n behoefte aan parlementêre leiers en sakelui wat hulle stemme verhef en aktief is in die stryd om billikheid voor die reg. Hulle moet agiteer vir 'n ondersteuningstelsel wat sal verseker dat die konstitusie geïmplementeer en nie net gedokumenteer word nie.

65 **Natal Witness**, 1 April 2005.